Sondag 24 Mei
Skrifgedeelte: Johannes 14:25-31 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: Johannes 14:26
In genade gee die Here aan ons die Trooster (2)

Die Heilige Gees vestig ons oog voortdurend op die opgestane Christus en die heil wat Christus vir ons teweeggebring het. Christus verlos ons van die onheil van 'n sondige wêreld. Hy maak alles nuut en hy gee vir ons 'n nuwe hart en nuwe denke. Sy verlossingswerk is soos gesondmakende medisyne teen 'n dodelike siekte. Teen die dodelike siekte van sonde verlorenheid bring Hy die geneesmiddel met die naam: Geloof.

Maar vir 'n siek mens moet die medisyne gereeld toegedien word. Die genesing is 'n groeiproses. Die Trooster wat die Here in sy groot genade aan ons gee – sy Gees – gee ons die gereelde medisyne wat ons nodig het vir die nuwe lewe van genesing. Hoe doen Hy dit? Hy doen dit deur ons te herinner aan alles wat Jesus geleer en gedoen het. Hy hou ons oë op Jesus, maar herinner ons deurlopend aan Jesus se woorde en dade. Die woorde is woorde van liefde, genesing en vrede. Die dade is selfopoffering aan die kruis en oorwinning deur die opstanding heen. Die Trooster voed ons op in al die diep dinge van die geloof en die Christelike lewe.

Hoe? Deur die bediening van die Woord. Die Woord is die verlossingsmedisyne vir gelowige mense. Daarvoor gebruik die Trooster predikers en roep Hy gelowiges in eredienste bymekaar en laat Hy die Woord deur predikers bedien. Die preek van die dominee is die taal van die Gees waardeur ons aan die woorde en dade van Jesus herinner word.

Siek mense op weg na volle genesing het medisyne nodig. Gelowiges het voordurende Woordbediening nodig. As u die volle rykdom van verlossing wil ervaar, luister gereeld na die taal van die Trooster. Anders gesê: Gaan gereeld kerk toe!

*Sing: Skrifberyming 15-1:2, 4*
*Prof. JM (Koos) Vorster (Emeritus)*